(13) (a) Die Staatspresident kan, behoudens die bepalings van subartikel (2), iemand as 'n assistent of twee of meer persone as assistente vir die Ombudsman aanstel om, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die Ombudsman, pligte te verrig en bevoegdhede uit te oefen wat by hierdie Wet die Ombudsman opgelê of aan hom verleen word.

(b) Die bepalings van subartikels (3) tot en met (10) is *mutatis mutandis* ten opsigte van iemand wat kragtens paragraaf (a) aangestel is, en ten opsigte van sy amp, van toepassing.

3. Personeel van Ombudsman en uitgawes.—(1) By die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet word die Ombudsman bygestaan deur—

- (a) persone met die goedkeuring van die Staatspresident en na oorleg met die Staatsdienskommissie deur die Ombudsman aangestel onderworpe aan die diensvoorwaardes wat die Ombudsman, met die goedkeuring van die Minister van Finansies, ten opsigte van die bekleders van die betrokke poste bepaal;
- (b) beamptes in die Staatsdiens wat tydelik aan die diens van die Ombudsman afgestaan word ingevolge artikel 13 (6) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957).

(2) Die uitgawes verbonde aan die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet deur die Ombudsman, word bestry uit geld wat die Parlement vir dié doel bewillig het.

4. Aanhangigmaking van sekere aangeleenthede by Ombudsman.—(1) Indien iemand redelike gronde het om te vermoed dat—

- (a) daar op 'n oneerlike wyse met publieke geld handel is of word;
[Par. (a) vervang deur a. 3 (a) van Wet No. 55 van 1983.]
- (aA) die Staat of die publiek in die algemeen deur wanbestuur in verband met die sake van die Staat benadeel word;
[Par. (aA) ingevoeg deur a. 3 (a) van Wet No. 104 van 1991.]
- (b) 'n persoon op onwettige of onbehoorlike wyse, hetsy direk of indirek, verryk of bevoordeel is of word deur of as gevolg van 'n handeling of versuim—
 - (i) in verband met die sake van die Staat of van 'n instelling, liggaam, vereniging of organisasie in die omskrywing van „publieke geld” in artikel 1 bedoel;
[Subpar. (i) vervang deur a. 3 (b) van Wet No. 55 van 1983.]

(ii) by any person while he is performing service as an employee of the State or of an institution, a body, an association or an organization referred to in the definition of "public moneys" in section 1; or
 [Sub-para. (ii) substituted by s. 3 (b) of Act No. 55 of 1983.]

(iii) at the expense of the State or of an institution, a body, an association or an organization referred to in the definition of "public moneys" in section 1;
 [Sub-para. (iii) substituted by s. 3 (b) of Act No. 55 of 1983.]

(c) any attempt has been or is being made to perform an act referred to in paragraph (a) or to bring about a situation referred to in paragraph (b);

(d) he, or any other person, subject to the provisions of subsection (3), has been or is being or may be prejudiced, either directly or indirectly, in an unlawful or improper manner by or as a result of an act or omission as contemplated in paragraph (b) (i) or (ii),

[Para. (d) added by s. 3 (b) of Act No. 104 of 1991.]

he may lay the matter in question in accordance with the provisions of subsection (2) before the Ombudsman, and after such matter has been so laid before him, the Ombudsman shall take such steps in respect thereof as he is required to take and may take such steps in respect thereof as he is permitted to take in terms of the provisions of this Act.

(1A) Subsection (1) (aA) and (d) shall also apply to incidents commencing prior to the date of commencement of the Advocate-General Amendment Act, 1991, but which had not been completed on the said date.

[Sub-s. (1A) inserted by s. 3 (c) of Act No. 104 of 1991.]

(2) Any person wishing to lay a matter referred to in subsection (1) before the Ombudsman, shall do so by means of an affidavit or affirmed declaration specifying—

(a) the nature of the suspicion;

(b) the grounds on which the suspicion is based; and

[Para. (b) substituted by s. 3 (c) of Act No. 55 of 1983.]

(c) all other relevant information known to the declarant.

(3) If the Ombudsman is of the opinion that the person who according to the relevant affidavit or affirmed declaration is presumed to have been prejudiced, has legal remedies in respect of the matter concerned at his disposal which have been conferred upon him by or under any law and that person has not exhausted those legal remedies, the Ombudsman may refuse to inquire into the matter until those legal remedies have been exhausted: Provided that where the allegation of unlawful or improper prejudice arises from the employment relationship of an officer or employee in the service of the State, the Ombudsman shall only investigate the allegation if he is satisfied that the person concerned has exhausted the legal remedies conferred upon him by the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984), or any other law controlling his employment relationship.

[Sub-s. 3 added by s. 3 (d) of Act No. 104 of 1991.]

4A. Action of Ombudsman in self-governing territories.—(1) If the Ombudsman has reason to suspect that a circumstance referred to in section 4 (1) exists in respect of—

(a) money due to a Government, body or institution referred to in section 35 of the Self-governing Territories Constitution Act, 1971 (Act No. 21 of 1971), or which is received or being held by such a Government, body or institution; or

(b) any act or omission of a Government, body or institution referred to in paragraph (a),

he may advise the State President accordingly.

(2) Upon receipt of the information referred to in subsection (1), the State President may, after consultation with the Government of the self-governing territory concerned, by proclamation in the *Gazette*—

- (ii) deur iemand terwyl hy diens verrig as werknemer van die Staat of van 'n instelling, liggaam, vereniging of organisasie in die omskrywing van „publieke geld” in artikel 1 bedoel; of
[Subpar. (ii) vervang deur a. 3 (b) van Wet No. 55 van 1983.]
- (iii) ten koste van die Staat of van 'n instelling, liggaam, vereniging of organisasie in die omskrywing van „publieke geld” in artikel 1 bedoel;
[Subpar. (iii) vervang deur a. 3 (b) van Wet No. 55 van 1983.]
- (c) gepoog is of word om 'n handeling bedoel in paragraaf (a) te verrig of 'n toestand bedoel in paragraaf (b) teweeg te bring;
- (d) hy, of 'n ander persoon, behoudens die bepalings van subartikel (3), op 'n onwettige of onbehoorlike wyse, hetsy direk of indirek, benadeel is of word of mag word deur of as gevolg van 'n handeling of versuim in paragraaf (b) (i) of (ii) bedoel,

[Par. (d) ingevoeg deur a. 3 (b) van Wet No. 104 van 1991.]

kan hy die betrokke aangeleentheid ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) by die Ombudsman aanhangig maak, en nadat daardie aangeleentheid aldus by hom aanhangig gemaak is, moet die Ombudsman ten opsigte daarvan die stappe doen en kan die Ombudsman ten opsigte daarvan die stappe doen wat hy ingevolge die bepalings van hierdie Wet moet of kan doen.

(1A) Subartikel (1) (aA) en (d) het ook betrekking op gebeure wat voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Advokaat-generaal, 1991, 'n aanvang geneem het, maar op genoemde datum nog nie voltooi was nie.

[Sub-a. (1A) ingevoeg deur a. 3 (c) van Wet No. 104 van 1991.]

(2) Iemand wat 'n aangeleentheid bedoel in subartikel (1) by die Ombudsman aanhangig wil maak, moet dit doen by wyse van 'n beëdigde of bevestigde verklaring waarin vermeld word—

- (a) die aard van die vermoede;
- (b) die gronde waarop die vermoede berus; en

[Par. (b) vervang deur a. 3 (c) van Wet No. 55 van 1983.]

- (c) alle ander ter sake dienende inligting wat aan die deklaratant bekend is.

(3) Indien die Ombudsman van oordeel is dat die persoon wat volgens die betrokke beëdigde of bevestigde verklaring vermoed word benadeel te wees, regsmiddele wat ten opsigte van die betrokke aangeleentheid by of kragtens enige wet aan hom verleen word, tot sy beskikking het, en daardie persoon nog nie daardie regsmiddele uitgeput het nie, kan die Ombudsman weier om die aangeleentheid te ondersoek totdat daardie regsmiddele uitgeput is: Met dien verstande dat waar die bewering van onwettige of onbehoorlike benadeling spruit uit die diensverhouding van 'n beampte of werknemer in diens van die Staat, die Ombudsman slegs die bewering ondersoek indien hy oortuig is dat die betrokke persoon die regsmiddele aan hom verleen deur die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), of enige ander wet wat sy diensverhouding beheer, uitgeput het.

[Sub-a. (3) bygevoeg deur a. 3 (d) van Wet No. 104 van 1991.]

4A. Optrede van Ombudsman in selfregerende gebiede.—(1) Indien die Ombudsman rede het om te vermoed dat daar ten aansien van—

- (a) geld wat 'n Regering, liggaam of instelling bedoel in artikel 35 van die Grondwet van die Selfregerende Gebiede, 1971 (Wet No. 21 van 1971), toekom of deur so 'n Regering, liggaam of instelling ontvang is of gehou word; of
- (b) enige handeling of versuim van 'n Regering, liggaam of instelling in paragraaf (a) bedoel,

'n omstandigheid bedoel in artikel 4 (1) bestaan, kan hy die Staatspresident dienooreenkomstig inlig.

(2) By ontvangs van die inligting in subartikel (1) vermeld, kan die Staatspresident, na oorleg met die Regering van die betrokke selfregerende gebied, by proklamasie in die *Staatskoerant*—

- (a) request the Ombudsman to hold in such self-governing territory such inquiry as the Ombudsman may deem necessary; and
- (b) declare the provisions of this Act to be applicable *mutatis mutandis* in respect of that inquiry until the Ombudsman has completed his functions in respect of the specific matter and reported thereon in terms of section 5.

[S. 4A inserted by s. 4 of Act No. 104 of 1991.]

5. Duties and powers of Ombudsman.—(1) The Ombudsman shall, in respect of a matter laid before him in terms of section 4 or which he has been requested to inquire into in terms of section 4A (2) (a), establish whether the suspicion in question is well-founded and, if so, inquire forthwith into it and hand a report on his findings and on such recommendations, if any, as he may wish to make to the Speaker of Parliament for handing over within seven days to the Minister of Justice, who shall, within 14 days after it has been handed to him, lay the report upon the Table in Parliament if Parliament is then in session or, if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of the next ensuing session of Parliament: Provided that for the purposes of the publication of the contents of the said report such handing over to the Minister of Justice if Parliament is then not in session, shall, subject to the provisions of subsection (2), be deemed to constitute such laying upon the Table: Provided further that a report in respect of an inquiry held under section 4A, shall also be handed by the Ombudsman to the Government of the self-governing territory concerned.

[Sub-s. (1) substituted by s. 5 (a) of Act No. 104 of 1991.]

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1) the Ombudsman shall, if in connection with a matter inquired into by him in terms of subsection (1) he is of the opinion that the publication of the contents of his report will not be in the interest of the security of the State, recommend in the report referred to in subsection (1) that such publication be prohibited, and a report in which such recommendation is contained shall, within 14 days after it has been handed to the Minister of Justice, be laid upon the Table of Parliament by him as a confidential paper in terms of the Standing Rules of Parliament if Parliament is then in session or, if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of the next ensuing session of Parliament, in both cases for submission to, and consideration of the said recommendation and the making of a report to Parliament by a joint committee of Parliament.

[Sub-s. (2) substituted by s. 5 (b) of Act No. 104 of 1991.]

(3) A committee referred to in subsection (2) may, for the purposes of this Act, be authorized by resolution of Parliament to continue its functions notwithstanding any prorogation of Parliament.

[Sub-s. (3) substituted by s. 5 (c) of Act No. 104 of 1991.]

(4) The Ombudsman may, whether or not he holds an inquiry referred to in subsection (1), and, if he does in fact hold an inquiry, at any time prior to, during or after the holding of such inquiry—

- (a) if he is of the opinion that the facts disclose the commission of an offence by any person, bring the matter to the notice of the relevant authority charged with prosecutions;
- (b) if he deems it advisable, refer any matter which has a bearing on mismanagement to the institution, body, association or organization affected by it or make an appropriate recommendation regarding the redress of the prejudice referred to in section 4 (1) (d) or make any other recommendation which he deems expedient to the institution, body, association or organization concerned.

[Sub-s. (4) substituted by s. 5 (d) of Act No. 104 of 1991.]

(5) If the Ombudsman has reason to suspect that any circumstance referred to in section 4 (1) exists, he may inquire into the matter in question in accordance with the provisions of this Act as if it had been laid before him in terms of section 4 (2).

- (a) die Ombudsman versoek om in so 'n selfregerende gebied dié ondersoek te doen wat die Ombudsman nodig ag; en
- (b) verklaar dat die bepalings van hierdie Wet *mutatis mutandis* ten opsigte van daardie ondersoek van toepassing is totdat die Ombudsman sy werksaamhede ten aansien van die bepaalde aangeleentheid afgehandel het en kragtens artikel 5 daaroor verslag gedoen het.

[A. 4A ingevoeg deur a. 4 van Wet No. 104 van 1991.]

5. Pligte en bevoegdhede van Ombudsman.—(1) Die Ombudsman moet, ten opsigte van 'n aangeleentheid wat ingevolge artikel 4 by hom aanhangig gemaak is of wat hy kragtens artikel 4A (2) (a) versoek is om te ondersoek, bepaal of die betrokke vermoede gegrond is en, indien wel, dit onverwyld ondersoek en 'n verslag aangaande sy bevindinge en aangaande die aanbevelings, as daar is, wat hy verlang om te doen, oorhandig aan die Speaker van die Parlement vir oorhandiging binne sewe dae aan die Minister van Justisie, wat die verslag binne 14 dae nadat dit aan hom oorhandig is, in die Parlement ter Tafel moet lê as die Parlement dan in sessie is of, as die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanyang van die eersvolgende sessie van die Parlement: Met dien verstande dat vir die doeleindes van die publikasie van die inhoud van bedoelde verslag sodanige oorhandiging aan die Minister van Justisie as die Parlement nie dan in sessie is nie, behoudens die bepalings van subartikel (2), geag word sodanige tertafellegging uit te maak: Met dien verstande voorts dat 'n verslag ten opsigte van 'n ondersoek kragtens artikel 4A gedoen, ook deur die Ombudsman aan die Regering van die betrokke selfregerende gebied oorhandig moet word.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 5 (a) van Wet No. 104 van 1991.]

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) moet die Ombudsman, indien hy in verband met 'n aangeleentheid wat ingevolge subartikel (1) deur hom ondersoek is, van oordeel is dat die publikasie van die inhoud van sy verslag nie in belang van die veiligheid van die Staat is nie, in die verslag bedoel in subartikel (1) aanbeveel dat sodanige publikasie verbied word, en 'n verslag waarin so 'n aanbeveling vervat is, moet binne 14 dae nadat dit aan die Minister van Justisie oorhandig is, deur hom ingevolge die Reglement van die Parlement as 'n vertroulike dokument in die Parlement ter Tafel gelê word as die Parlement dan in sessie is of, as die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van die eersvolgende sessie van die Parlement, in albei gevalle vir voorlegging aan, en oorweging van bedoelde aanbeveling en verslagdoening aan die Parlement deur, 'n gesamentlike komitee van die Parlement.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 5 (b) van Wet No. 104 van 1991.]

(3) 'n Komitee bedoel in subartikel (2) kan vir die doeleindes van hierdie Wet by besluit deur die Parlement gemagtig word om sy werksaamhede voort te sit ondanks 'n prorogasie van die Parlement.

[Sub-a. (3) vervang deur a. 5 (c) van Wet No. 104 van 1991.]

(4) Die Ombudsman kan, hetsy hy 'n ondersoek instel soos in subartikel (1) bedoel, of nie, en, indien hy wel 'n ondersoek instel, te eniger tyd voor, tydens of na die hou van so 'n ondersoek—

- (a) indien hy van oordeel is dat die feite die pleging van 'n misdryf deur die een of ander persoon openbaar, die betrokke gesag wat met vervolgings belas is, daarvan verwittig;
- (b) indien hy dit gerade ag, enige aangeleentheid wat met wanbestuur verband hou, verwys na die instelling, liggaam, vereniging of organisasie wat daardeur geraak word of 'n gepaste aanbeveling oor die regstelling van die benadeling in artikel 4 (1) (d) bedoel of enige ander aanbeveling wat hy dienstig ag, aan die betrokke instelling, liggaam, vereniging of organisasie doen.

[Sub-a. (4) vervang deur a. 5 (d) van Wet No. 104 van 1991.]

(5) Indien die Ombudsman rede het om te vermoed dat 'n omstandigheid bedoel in artikel 4 (1) bestaan, kan hy die betrokke aangeleentheid ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet ondersoek asof dit ingevolge artikel 4 (2) by hom aanhangig gemaak is.

(6) A report handed over by the Ombudsman in terms of this section shall be accompanied by the record of the evidence given before the Ombudsman in connection with the matter in question, excluding the record of that part of the said evidence the disclosing of which will, in the opinion of the Ombudsman, not be in the interest of the security of the State: Provided that if required to do so by the joint committee referred to in subsection (2), the Ombudsman shall furnish the said committee with the last-mentioned record.

[Sub-s. (6) amended by s. 5 (c) of Act No. 104 of 1991.]

(7) The Ombudsman may, if he decides to hold an inquiry referred to in subsection (1), at any time prior to or during the holding of the inquiry—

- (a) request any person in the service of the State, or of a fund, institution, body, association or organization referred to in the definition of 'public moneys' in section 1, or in the employment of a Government, body or institution referred to in section 4A, to assist him, under his supervision and control, in the performance of his functions;
- (b) designate any person to conduct an inquiry referred to in section 7, or any part thereof, on his behalf and to report to him, and for this purpose such a person shall have the same powers as those which the Ombudsman has in terms of sections 6 and 7 and the provisions of sections 8 and 9 shall apply *mutatis mutandis* in respect of that person.

[Sub-s. (7) added by s. 5 (f) of Act No. 104 of 1991.]

(8) The provisions of the instructions issued by the Treasury under section 39 of the Exchequer Act 1975, (Act No. 66 of 1975), in respect of Commissions of Inquiry, shall apply *mutatis mutandis* to a person referred to in subsection (7) (b).

[Sub-s. (8) added by s. 5 (f) of Act No. 104 of 1991.]

6. Procedure at and nature of proceedings.—(1) The procedure to be followed in conducting an inquiry shall be determined by the Ombudsman at his discretion with due regard to the circumstances of each case, and the Ombudsman may in his discretion direct that any category of persons or all persons whose presence is, in his opinion, not necessary or desirable, shall not be present at the proceedings at the inquiry or any part thereof.

(2) If the matter being inquired into relates to moneys with which the Secret Services Account established by section 1 of the Secret Services Account Act, 1978 (Act No. 56 of 1978), has been credited, no person shall be present at the proceedings at the inquiry unless such person's presence is necessary in connection with such proceedings or is authorized by the Ombudsman.

(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law no person shall without the permission of the Ombudsman disclose to any other person the contents of any document in the possession of the Ombudsman or of an assistant to or a member of the staff of the Ombudsman, or the record of any evidence given before the Ombudsman or an assistant to the Ombudsman during an inquiry.

(4) Any person who contravenes subsection (3) shall be guilty of an offence.

7. Inquiry into matter by Ombudsman.—(1) For the purposes of conducting an inquiry the Ombudsman may direct any person to appear before him to—

- (a) give evidence; or
- (b) produce any document in his possession or under his control,

which, in the opinion of the Ombudsman, has a bearing on the matter being inquired into by the Ombudsman, and may examine such person.

(2) Such direction shall be by way of a subpoena containing particulars of the matter in connection with which the person subpoenaed is required to appear before the Ombudsman and signed by the Ombudsman and served on the person subpoenaed either by

(6) 'n Verslag wat ingevolge hierdie artikel deur die Ombudsman oorhandig word, gaan vergesel van die oorkonde van die getuienis wat in verband met die betrokke aangeleentheid voor die Ombudsman afgelê is, uitgesonderd die oorkonde van daardie deel van bedoelde getuienis waarvan die openbaarmaking na die oordeel van die Ombudsman nie in belang van die veiligheid van die Staat is nie: Met dien verstande dat indien die gesamentlike komitee bedoel in subartikel (2) dit van hom vereis die Ombudsman laasgenoemde oorkonde aan bedoelde komitee moet verstrek.

[Sub-a. (6) gewysig deur a. 5 (c) van Wet No. 104 van 1991.]

(7) Die Ombudsman kan, indien hy besluit om 'n ondersoek soos in subartikel (1) bedoel, in te stel, te eniger tyd voor of tydens die hou van die ondersoek—

(a) iemand in die diens van die Staat, of van 'n fonds, instelling, liggaam, vereniging of organisasie bedoel in die omskrywing van „publieke geld” in artikel 1, of in die diens van 'n Regering, liggaam of instelling in artikel 4A bedoel, versoek om hom, onder sy toesig en beheer, by die verrigting van sy werksaamhede behulpsaam te wees;

(b) iemand benoem om namens hom 'n ondersoek in artikel 7 bedoel, of 'n gedeelte daarvan, te onderneem en aan hom verslag te doen, en vir dié doel het so 'n persoon dieselfde bevoegdhede as dié wat die Ombudsman kragtens artikels 6 en 7 het en is die bepalings van artikels 8 en 9 *mutatis mutandis* ten opsigte van daardie persoon van toepassing.

[Sub-a. (7) bygevoeg deur a. 5 (f) van Wet No. 104 van 1991.]

(8) Die bepalings van die instruksies wat die Tesourie kragtens artikel 39 van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), ten aansien van Kommissies van Onderzoek uitgereik het, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n persoon in subartikel (7) (b) bedoel.

[Sub-a. (8) bygevoeg deur a. 5 (f) van Wet No. 104 van 1991.]

6. Prosedure by en aard van verrigtinge.—(1) Die prosedure wat by die hou van 'n ondersoek gevolg moet word, word na goeddunke deur die Ombudsman bepaal met inagneming van die omstandighede van elke geval, en die Ombudsman kan na goeddunke gelas dat die een of ander kategorie persone of alle persone wie se teenwoordigheid na sy oordeel nie nodig of wenslik is nie, nie by die verrigtinge by die ondersoek of enige deel daarvan teenwoordig mag wees nie.

(2) Indien die aangeleentheid wat ondersoek word, betrekking het op geld waarmee die Rekening vir Geheime Dienste ingestel by artikel 1 van die Wet op die Rekening vir Geheime Dienste, 1978 (Wet No. 56 van 1978), gekrediteer is, mag niemand by die verrigtinge by die ondersoek teenwoordig wees nie tensy so iemand se teenwoordigheid in verband met bedoelde verrigtinge noodsaaklik is of deur die Ombudsman gemagtig is.

(3) Ondanks andersluidende wetsbepalings mag niemand sonder die toestemming van die Ombudsman die inhoud van enige stuk in besit van die Ombudsman of van 'n assistent of lid van die personeel van die Ombudsman, of die notule van enige getuienis wat tydens 'n ondersoek voor die Ombudsman of 'n assistent van die Ombudsman afgelê is, aan iemand openbaar maak nie.

(4) Iemand wat subartikel (3) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

7. Onderzoek van aangeleentheid deur Ombudsman.—(1) Vir die doeleindes van die hou van 'n ondersoek kan die Ombudsman enigiemand gelas om voor hom te verskyn om—

(a) getuienis af te lê; of

(b) 'n stuk wat in sy besit of onder sy beheer is, voor te lê,

wat, na die oordeel van die Ombudsman, betrekking het op die aangeleentheid wat deur die Ombudsman ondersoek word, en so iemand ondervra.

(2) Bedoelde lasgewing geskied by wyse van 'n dagvaarding bevattende besonderhede van die aangeleentheid in verband waarmee die gedagvaarde verlang word om voor die

a registered letter sent through the post or by delivery by a person authorized thereto by the Ombudsman.

[Sub-s. (2) substituted by s. 4 of Act No. 55 of 1983.]

(3) When the Ombudsman considers it necessary to do so, he may require any person appearing as a witness before him under subsection (1) to give evidence on oath or after having made an affirmation, and such person shall enjoy the same privilege as a witness testifying in a criminal proceeding before a division of the Supreme Court of South Africa.

(4) The Ombudsman may administer an oath to, or accept an affirmation from, any such person.

(5) Any person appearing before the Ombudsman by virtue of the provisions of subsection (1) may be assisted at his examination by an advocate of the Supreme Court of South Africa or any person duly admitted to practise as an attorney in any part of the Republic, and shall be entitled to peruse such of the documents referred to in section 6 (3) as in the opinion of the Ombudsman are necessary to enable such person to refresh his memory.

(6) (a) If it appears to the Ombudsman during the course of an inquiry that any person is being implicated in the matter being inquired into, the Ombudsman shall afford such person an opportunity to be heard in connection therewith by way of the giving of evidence, and such person or his legal representative shall be entitled, through the Ombudsman, to question other witnesses, determined by the Ombudsman, who have appeared before the Ombudsman in terms of this section.

(b) The provisions of this section shall be applicable to any person referred to in paragraph (a).

(7) Any person who refuses or fails to comply with a direction under subsection (1) or who refuses to answer any question put to him under that subsection or gives to such question an answer which to his knowledge is false, or refuses to take the oath or to make an affirmation at the request of the Ombudsman in terms of subsection (3), shall be guilty of an offence.

7A. Entering upon premises by Ombudsman.—The Ombudsman, or any person authorized thereto by him in writing, may in the performance of his functions in terms of this Act at any time and without prior notice or with such notice as he may deem sufficient or appropriate, enter any building or premises and there make such investigation or inquiry as he may deem necessary, and seize anything on those premises which in his opinion has a bearing on the purpose of the investigation, or make extracts from documents or copies thereof, and require any person whom he suspects of having the necessary information, to give an explanation of anything contained in such a document.

[S. 7A inserted by s. 6 of Act No. 104 of 1991.]

7B. Ombudsman not competent or compellable to answer questions.—The Ombudsman or his assistant or any member of his staff or any person referred to in section 5 (7), shall not be competent or compellable to answer questions in any proceedings in a court of law or before any body or institution established by or under any law or before a commissioner referred to in the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947), in connection with any information which in the course of his inquiry in terms of this Act has come to his knowledge.

[S. 7B inserted by s. 6 of Act No. 104 of 1991.]

7C. Compensation regarding expenses.—The Ombudsman may, if he deems it advisable, with the concurrence of the Treasury, order that the expenses or a portion of the expenses incurred by any person in the course of or in connection with an inquiry by the Ombudsman be paid from State funds to that person.

[S. 7C inserted by s. 6 of Act No. 104 of 1991.]

8. Contempt of Ombudsman.—(1) No person shall—

(a) insult, disparage or belittle the Ombudsman or an assistant to the Ombudsman, or anticipate the proceedings at an inquiry or the findings of the Ombudsman in a manner calculated to influence such proceedings or findings;

Ombudsman te verskyn en wat deur die Ombudsman onderteken is en aan die gedagvaarde bestel word of per aangetekende brief deur die pos versend of deur aflewering deur iemand wat die Ombudsman daartoe gemagtig het.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 4 van Wet No. 55 van 1983.]

(3) Wanneer die Ombudsman dit nodig ag, kan hy van iemand wat kragtens subartikel (1) voor hom as getuie verskyn, vereis dat hy getuienis onder eed of na die doen van 'n bevestiging aflê, en so iemand geniet dieselfde privilegie as 'n getuie in 'n strafgeding voor 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(4) Die Ombudsman kan so iemand 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem.

(5) Iemand wat uit hoofde van die bepalings van subartikel (1) voor die Ombudsman verskyn, kan by sy ondervraging bygestaan word deur 'n advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of iemand wat behoorlik toegelaat is om in enige deel van die Republiek as prokureur te praktiseer, en is geregtig op insae in daardie stukke bedoel in artikel 6 (3) wat na die oordeel van die Ombudsman nodig is ten einde so iemand in staat te stel om sy geheue te verfris.

(6) (a) Indien dit in die loop van 'n ondersoek vir die Ombudsman voorkom dat iemand betrek word by die aangeleentheid wat ondersoek word, moet die Ombudsman aan so iemand die geleentheid bied om in verband daarmee by wyse van die aflê van getuienis aangehoor te word, en so iemand of sy regsverteenvoerder is daarop geregtig om deur die Ombudsman in verband met die betrokke aangeleentheid vrae te stel aan ander getuies, deur die Ombudsman bepaal, wat ingevolge hierdie artikel voor die Ombudsman verskyn het.

(b) Die bepalings van hierdie artikel is van toepassing op iemand bedoel in paragraaf (a).

(7) Iemand wat weier of versuim om aan 'n lasgewing kragtens subartikel (1) te voldoen of wat weier om op 'n vraag aan hom kragtens daardie subartikel gestel, 'n antwoord te verstrek of op so 'n vraag 'n antwoord verstrek wat na sy wete onjuis is, of weier om op versoek van die Ombudsman ingevolge subartikel (3) die eed af te lê of 'n bevestiging te doen, is aan 'n misdryf skuldig.

7A. Betreding van perseel deur Ombudsman.—Die Ombudsman, of enige persoon skriftelik deur hom daartoe gemagtig, kan by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet te eniger tyd en sonder voorafgaande kennisgewing of met dié kennisgewing wat hy voldoende of geskik ag enige gebou of perseel betree en daar die ondersoek instel en die navraag doen wat hy nodig ag, en op enigiets op daardie perseel wat na sy mening betrekking het op die doel van die ondersoek beslag lê, of uittreksels uit dokumente of afskrifte daarvan maak, en van enigiemand, wat, na hy vermoed, oor die nodige inligting beskik, 'n verduideliking eis van enigiets in so 'n dokument vervat.

[A. 7A ingevoeg deur a. 6 van Wet No. 104 van 1991.]

7B. Ombudsman is nie bevoeg of verpligbaar om vrae te beantwoord nie.—Die Ombudsman of sy assistent of enige lid van sy personeel of enige persoon in artikel 5 (7) bedoel, is nie bevoeg of verpligbaar om in enige verrigtinge in 'n geregshof of voor 'n kragtens of by wet ingestelde liggaam of instelling of voor 'n kommissaris beoog in die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), vrae te beantwoord in verband met enige inligting wat in die loop van sy ondersoek ingevolge hierdie Wet tot sy kennis gekom het nie.

[A. 7B ingevoeg deur a. 6 van Wet No. 104 van 1991.]

7C. Vergoeding ten aansien van uitgawes.—Die Ombudsman kan, met die instemming van die Tesourie, na goeddunke gelas dat die uitgawes of 'n gedeelte van die uitgawes wat deur iemand in die loop van of in verband met 'n ondersoek deur die Ombudsman, aangegaan is, uit Staatsfondse aan daardie persoon vergoed word.

[A. 7C ingevoeg deur a. 6 van Wet No. 104 van 1991.]

8. Minagting van Ombudsman.—(1) Niemand mag—

(a) die Ombudsman of 'n assistent van die Ombudsman beledig, neerhaal of verkleineer, of die verrigtinge by 'n ondersoek of die bevindinge van die Ombudsman vooruitloop op 'n wyse wat bereken is om dit te beïnvloed nie;

- [Para. (c) substituted by s. 7 of Act No. 104 of 1991.]

(3) If any person contravenes the provisions of subsection (1) (b) or at the holding of an inquiry contravenes the provisions of subsection (1) (c), the Ombudsman may summarily impose upon such person a penalty prescribed in section 11.

[Sub-s. (4) deleted by s. 5 of Act No. 55 of 1983.]

(2) Any person who contravenes subsection (1) shall be guilty of an offence.

[S. 9A inserted by s. 8 of Act No. 104 of 1991.]

(c) relating to any other matter which may or is required to be prescribed under this Act.

[Sub-s. (2) amended by s. 9 of Act No. 104 of 1991.]

[S. 11 substituted by s. 10 of Act No. 104 of 1991.]

[S. 13 substituted by s. 12 of Act No. 104 of 1991.]

- (b) opsetlik die verrigtinge by 'n ondersoek onderbreek of hom op 'n ander wyse in die plek waar 'n ondersoek gehou word, misdra nie;
- (c) in verband met 'n ondersoek iets doen nie wat, indien bedoelde ondersoek verrigtinge in 'n geregshof was, minagting van die hof sou uitgemaak het: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie bespreking in die Parlement van 'n aangeleentheid wat deur die Ombudsman ondersoek word, belet nie.

[Par. (c) vervang deur a. 7 van Wet No. 104 van 1991.]

(2) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Indien iemand die bepalings van subartikel (1) (b) oortree of by die hou van 'n ondersoek die bepalings van subartikel (1) (c) oortree, kan die Ombudsman die betrokke persoon op staande voet 'n straf voorgeskryf in artikel 11 oplê.

(4)

[Sub-a. (4) geskrap deur a. 5 van Wet No. 55 van 1983.]

9. Verbod op onbehoorlike beïnvloeding.—(1) Niemand mag enigiets doen nie wat daarop bereken is om die Ombudsman of 'n assistent van die Ombudsman onbehoorlik te beïnvloed ten opsigte van enige aangeleentheid wat deur die Ombudsman of 'n assistent van die Ombudsman met betrekking tot 'n ondersoek oorweeg word of gaan word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie uitgelê word nie as sou dit iemand belet om 'n handeling kragtens die bepalings van hierdie Wet te verrig.

(2) Iemand wat subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

9A. Beperking van aanspreeklikheid.—Die Ombudsman, of sy assistent of enige lid van sy personeel of iemand in artikel 5 (7) bedoel, is nie aanspreeklik ten opsigte van iets wat te goeder trou kragtens 'n bepaling van hierdie Wet deur die Ombudsman, of sy assistent of 'n lid van sy personeel of iemand in artikel 5 (7) bedoel, na gelang van die geval, gedoen is nie.

[A. 9A ingevoeg deur a. 8 van Wet No. 104 van 1991.]

10. Regulasies.—(1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig—

- (a) betreffende die notulering van die verrigtinge by 'n ondersoek;
- (b) wat voorsiening maak vir geheimhouding;
- (c) betreffende enige ander aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word,

en in die algemeen om die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet beter te verwesenlik.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) (b) uitgevaardig, kan vir 'n oortreding daarvan strawwe voorskryf wat 'n boete van R2 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande nie te bowe gaan nie.

[Sub-a. (2) gewysig deur a. 9 van Wet No. 104 van 1991.]

11. Strawwe.—Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf bedoel in artikel 6 (4), 7 (7), 8 (2) of 9 (2), is strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

[A. 11 vervang deur a. 10 van Wet No. 104 van 1991.]

12. Toepassing van Wet.—Die bepalings van hierdie Wet raak nie enige ondersoek kragtens, of die nakoming of uitoefening van enige plig of bevoegdheid opgelê of verleen by of kragtens, die een of ander wet nie.

13. Kort titel.—Hierdie Wet heet die Wet op die Ombudsman, 1979.

[A. 13 vervang deur a. 12 van Wet No. 104 van 1991.]